



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2017

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	(40)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(20)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. **BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:**

- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
- Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloediagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
- Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
- Dui die beplanning duidelik aan.
- **TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.**

6. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	60 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genummer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe. Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 1**1.1 DIT WAS MY BESTE SKOOLJAAR**

Jy het lekker skooljare gehad, maar daar was één skooljaar wat jy nooit sal vergeet nie. Dit was die beste jaar.

Skryf 'n **opstel** oor jou beste skooljaar.

Dink aan die volgende:

- Watter jaar was jou beste skooljaar?
- Wat het alles daardie jaar gebeur?
- Hoekom was daardie skooljaar anders as ander jare? [Uit teachaway.com]
- Waarom was daardie jaar jou beste skooljaar?

**[40]****1.2 'N PLEK WAT VIR MY BAIE SPESIAAL IS**

Elke mens het 'n plek wat vir hom/haar baie spesiaal is.

Skryf 'n **opstel** oor die plek wat vir jou baie spesiaal is.

Dink aan die volgende:

- Waar is hierdie spesiale plek?
- Hoe lyk hierdie spesiale plek?
- Wat doen jy wanneer jy by hierdie spesiale plek is?
- Waarom is hierdie plek spesiaal?

[40]

1.3 DIT IS VIR MY DIE LEKKERSTE TYD VAN DIE DAG

Ons almal het 'n tyd van die dag waarvan ons die meeste hou. Dalk is jy 'n oggendmens of dalk voel jy op jou beste in die middag. Miskien is jy iemand wat eers begin lewe as die son sak.

Skryf 'n **opstel** oor die tyd van die dag waarvan jy die meeste hou.

Dink aan die volgende:

- Van watter tyd van die dag hou jy die meeste?
- Waar is jy gewoonlik hierdie tyd van die dag?
- Wat doen jy hierdie tyd van die dag?
- Waarom hou jy die meeste van hierdie tyd?

[40]**1.4 EK SAL DIT VERANDER ...**

Daar is baie slegte en verkeerde dinge wat in die wêreld gebeur.

Skryf 'n **opstel** en vertel van een so 'n verkeerde ding wat jy sal verander as jy kan.

Dink aan die volgende:

- Wat sal jy verander?
- Hoekom sal jy dit verander?
- Hoe sal jy dit verander?
- Watter verskil sal dit aan die wêreld maak?

[40]

- 1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1

[Uit nation.co.ke]

[40]

1.5.2

[Uit Berthafoundation.co.za]

[40]


1.5.3



[Uit hoa.africom.mil]

[40]

1.5.4



[Uit southafrica.net]

[40]

TOTAAL AFDELING A:

40

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 2**2.1 FORMELE BRIEF**

Jy is die kaptein van jou skool se sportspan. Julle gaan toer en daarom het julle sportklere en -sakke nodig.

Skryf 'n **formele brief** aan die bestuurder van Viva Sportwinkel om vir hom te vra om vir julle sportspan sportklere en -sakke te skenk.

Gebruik die volgende adres:

Die Bestuurder
Viva Sportwinkel
Posbus 5678
Bloemfontein
9301



[Uit imgrifurl.com]

Dink aan die volgende:

- Wat vra jy vir die winkelbestuurder om te skenk?
- Waarom vra jy vir sportklere en -sakke?
- Waarvoor gaan die span die sportklere en -sakke gebruik?
- Hoekom vra jy vir die winkelbestuurder om die span te help?

[20]

2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het gesien hoe 'n maat iemand se geld steel.

Skryf 'n **brief** aan hierdie maat waarin jy sê dat dit verkeerd is om te steel. Vra vir die maat om die geld terug te gee.

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Hoekom is dit verkeerd om te steel?
- Wat wil jy hê moet die maat doen?
- Wat sal jy doen om hierdie maat te help om nie weer te steel nie?



[Uit 123rf.com]

[20]

2.3 DIALOOG

Jy wil graag jou maat in die hospitaal besoek en iets saamneem. Jy moet jou ma vra of jy kan gaan. Jy moet ook vir jou ma geld vra om by die hospitaal te kom en om iets vir jou maat te koop.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou ma neer.

Begin die gesprek só:

Ek: Ma, kan ek asseblief vir Ma iets vra?

(Reël oop)

Ma: Ja, wat wil jy vra?

(Reël oop)

Ek: ...

(Reël oop)

Ma: ...

(Reël oop)

LET WEL: Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop.

[20]

2.4 INFORMELE TOESPRAAK

Daar is baie jongmense in jou gemeenskap wat drank misbruik. Die maatskaplike werker het jou gevra om met 'n groep jongmense oor drankmisbruik te praat.

Skryf die **toespraak** wat jy vir die jongmense in die skoolsaal sal lewer.

Dink aan die volgende:

- Hoekom moet jongmense nie drank misbruik nie?
- Van watter plekke en mense moet jongmense wegbly?
- Wat kan jongmense eerder doen as om drank te misbruik?
- Waar kan jongmense hulp vir hierdie probleem gaan vra?



[Uit wordpress.com]

[20]

TOTAAL AFDELING B:

20

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 3


LET WEL: As jy VRAAG 3.1 doen, moet jy VRAAG 3.1.1 (uitnodigingskaartjie) **EN** VRAAG 3.1.2 (antwoord op die uitnodiging) doen.

3.1.1 UITNODIGINGSKAARTJIE *(Ongeveer 50 woorde)*

Jou broer word 21 jaar oud. Jou ouers wil vir hom 'n spesiale partytjie hou.

Jou ouers het jou gevra om 'n uitnodiging te skryf om die familie en vriende na die partytjie uit te nooi.

Skryf 'n **uitnodiging** aan die familie en vriende om hulle na jou broer se partytjie te nooi.



Dink aan die volgende:

[Uit wallgraphics.co.za]

- Wat is die geleentheid en wie word genooi?
- Waar, wanneer en hoe laat word die partytjie gehou?
- Watter klere moet die gaste aantrek?
- Wie is die kontakpersoon en hoe kan 'n mens met hierdie persoon kontak maak?

3.1.2 ANTWOORD OP DIE UITNODIGING *(Ongeveer 20 woorde)*

Skryf 'n **antwoord** in 'n kort nota.

- Aanvaar die persoon die uitnodiging of nie?
- Indien wel, wie gaan almal saamkom?
- Indien die persoon die uitnodiging nie aanvaar nie, maak verskoning.

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE.

[20]


3.3 RIGTINGAANWYSINGS

’n Man vra jou om vir hom die pad vanaf die **treinstasie** na die **stadion** te verduidelik.

Verduidelik aan die man hoe om tot by die stadion te loop deur die **pyltjies** op die roetekaart hieronder te volg. Gebruik straatname, bakens en rigtingaanwysers. Skryf die **aanwysings** puntsgewys neer.

Begin só:

1. Stap in Springbokstraat af tot by ...
2. ...
3. ...



[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 80